# DANKBAARHEID VERHEERLIK GOD

# BEKENDE VERHAAL

**Luk 17:11-19**
**11** En op sy reis na Jerusalem het Hy deur Samaría en Galiléa
gegaan.
**12** En toe Hy in ‘n sekere dorp ingaan, kom tien melaatse
manne Hom tegemoet, wat op ‘n afstand bly staan het.
**13** En hulle het hul stem verhef en gesê: Jesus, Meester, wees
ons barmhartig!
**14** En toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: Gaan vertoon julle
aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan, het hulle rein
geword.
**15** En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het
omgedraai en God met ‘n groot stem verheerlik.
**16** En hy het op sy aangesig neergeval by sy voete en Hom
gedank. En hy was ‘n Samaritaan.
**17** Toe antwoord Jesus en sê: Het tien nie rein geword nie? En
waar is die nege?
**18** Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het
om God te verheerlik behalwe hierdie vreemdeling nie?
**19** En Hy sê vir hom: Staan op en gaan; jou geloof het jou
gered.

- Melaatse manne: Onreine siekte

  Uitgewerp

  Eenkant gestoot
- Regeer in geloof: V14 *En toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle Gaan vertoon julle aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan, het hulle rein geword.*

  Wonderwerke gebeur as jy regeer in geloof

  “Act in faith”
- Een draai om: V15-16 En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met ‘n groot stem verheerlik. En hy het op sy aangesig neergeval by sy voete en Hom gedank. En hy was ‘n Samaritaan.

  Dank God

  Verheerlik God – honour God

Jesus se reaksie: *V17-18 Toe antwoord Jesus en sê: Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege? Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te verheerlik behalwe hierdie vreemdeling nie?*

# DIESELFDE IN ONS LEWENS

- Leef, is gesond
- Huis / kos / motor
- Geseënd
- Aanvaar dit as vanselfsprekend, moet so wees, verheerlik nie God nie.
- Dank God nie elke dag nie.

# DANKBAAR – WANT ALLES IS GENADE

**1 Kor 15:10 (AFR)**

Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is.

**1 Kor 15:10 (AMP)**

But by the grace (the unmerited favor and blessing) of God I am what I am, and His grace toward me was not [found to be] for nothing (fruitless and without effect). In fact, I worked harder than all of them [the apostles], though it was not really I, but the grace (the unmerited favor and blessing) of God which was with me.

- Verskil tussen:

  Jou en persoon op straat - Genade
  Ju en dwelmverslaafde - Genade
  Oorvloed en gebrek - Genade
  Gesond en siek - Genade

# DANKBAAR – WANT ALLES BEHOORT AAN GOD

**Jak 1:17**

Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

**Hag 2:8**

Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die HERE van die leërskare.

**Ps 50:10-12**

**10** want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende.
**11** Ek ken al die voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van My.
**12** As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.

- Ons: Rentmeesters / bestuurders van dit waarmee God ons mee vertrou op aarde.
- Rentmeester: Ontvanger en bestuurder van iemand anders se eiendom.

**Luk 16:10**

Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig.

# TEL JOU SEËNINGE . . .

- As jy vanoggend wakker geword het . . . is jy meer geseënd as die miljoen wat dit nie die week gaan oorleef nie.

- As jy nog nooit die gevaar van oorlog, gevangenisskap, eensaamheid, marteling of hongerpyne ervaar het nie, is jy meer geseënd as 500 miljoen ander mense in die wêreld.

- As jy 'n kerkdiens kan bywoon sonder die vrees van teistering, arres, marteling of dood . . . dan is jy meer bevoorreg as 3 miljoen mense in die wêreld.

- As jy kos in die yskas het, klere aan jou lyf, 'n dak oor jou kop en 'n plek om te slaap . . . is jy ryker as 75% van die wêreld se bevolking.

- As jy geld in die bank het, in jou beursie en klein geld wat êrens lê . . . tel jy onder 8% van die wêreld se rykste mense.

- As jou ouers steeds leef en met mekaar getroud is is jy 'n rariteit, selfs in die Verenigde State.
- As jy jou kop regop hou met 'n glimlag op jou gesig en opregte dankbaarheid in jou hart . . . is jy geseënd omdat die meerderheid dit kan doen maar dit nie doen nie.
- As jy iemand se hand kan vashou, 'n drukkie gee of selfs net aanraak is jy geseën.
- As jy al die bogenoemde kon lees, is jy dubbel geseënd siende dat twee biljoen van die aarde se bevolking glad nie kan lees of skryf nie.
- Geniet jou dag, tel jou seëninge, wees dankbaar en deel bo-genoemde met 'n medemens wat jy graag wil seën.

# MY OFFER VAN DANK

**1 Pet 2:5**

En laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.

**2 Kor 9:5**

Ek het dit dus noodsaaklik geag om die broeders te versoek om vooruit te gaan na julle toe en julle vroeër aangekondigde dankoffer vooraf in orde te bring, sodat dit gereed kan wees as 'n dankoffer en nie as iets wat afgepers is nie.

# 2 KARAKTEREIENSKAPPE VAN DANKBAARHEID

1. Wat God alreeds gedoen het.

**Ps 103:1-3**
**1** 'n Psalm van Dawid. Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!
**2** Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!
**3** Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees.

2. Wat God nog gaan doen.

**Prediker 11:1-2**
**1** Werp jou brood uit op die water, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind.
**2** Gee 'n deel aan sewe, ja, ook aan agt; want jy weet nie watter onheil daar op die aarde sal wees nie.